Laerskool Westwood
Tel: 011 894 6639/0 Faks: 086 556 6113
hoof@westwoodlaerskool.org.za
www.westwoodlaerskool.org.za
18 Phillips Weg, Westwood, Boksburg, 1462
Posbus 26744, OOS-RAND, 1462

# DISSIPLINERE BELEID JUNIORS (2024)

Gedragskode vir Leerlinge

1. INLEIDING

1.1 Die gedragskode vir leerlinge wat hierin vervat is, is van toepassing op enige persoon wat ten tye van die wangedrag wat teen hom of haar beweer word aan die dissipline van Laerskool Westwood onderhewig was.

1.2. ‘n Persoon is onderhewig aan die dissipline van die skool indien hy of sy :

i. as leerling van Laerskool Westwood geregistreer is,

***OF***

ii. deur die skool aanvaar is met die oog daarop dat hy of sy ‘n geregistreerde leerling word.

1.3. Hierdie kode word deur die beheerliggaam saamgestel en voldoen aan die Volgende vereistes :

a. ***Elke leerling is onskuldig totdat hy skuldig bewys is.***

b.. Die kode onderskei wie by magte is om die klagtes van wangedrag te hanteer.

c. Die kode bepaal watter bestraffing ten opsigte van die oortredings opgelê mag word.

d.. Die kode voldoen aan die vereistes van die Skolewet.

2. DOEL

2.1. Om ‘n kultuur van onderrig en leer daar te stel.
2.2. Om die christelike karakter en waardes van die skool uit te dra.
2.3. Om die selfdissipline van die leerlinge te ontwikkel.
2.4. Om produktiwiteit by die leerlinge aan te wakker.
2.5. Om die algemene standaard van die skool hoog te hou.
2.6. Om lojaliteit teenoor Laerskool Westwood daar te stel.
2.7. Om die vennootskap wat bestaan tussen die ouerhuis en die skool ten opsigte van die opvoeding en leerproses te verstewig.
2.8. Om die ouers op hoogte te hou van die algemene vordering van hulle kinders.

3. WERKSWYSE EN PROSEDURES

3.1. Elke klas sal ‘n dissiplinêre boek hê waarin aanprysing sowel as oortreding aangeteken word.

**Briewe**

| Punte | Aksie |
|---|---|
| 8 D-Merietes | Stel ouers in kennis |
| 10 D-Merietes | Detensie |
| 15 D-Merietes | Nooi ouers vir onderhoud en Detensie |
| 20 D-Merietes | Detensie + Dissiplinêre verhoor |
| 25 D-Merietes | Onmiddellike skorsing vir 5 skooldae |

- Enige selfoonoortreding – leerlinge haal simkaart uit en vul die register in as bewys. Slegs ouers kan selfoon kom afhaal. Indien die probleem ernstig word sal selfone by die skool verbied word.
- Wanneer leerlinge ‘n detensiebrief ontvang moet hy/sy op ‘n Vrydag ‘n detensieklas vanaf 13:45 - 14:45 bywoon nadat ouers dissiplinêre onderhoud bygewoon het. Indien hy/sy nie opdaag nie ontvang hy/sy ‘n D-meriete vir ‘n ernstige oortreding, die ouers word gekontak en dan moet hy/sy die volgende 2 Vrydae die detensieklas bywoon. Indien weer nie opdaag nie – onmiddellike dissiplinêre verhoor.
- Skakeling met ouers moet gereeld plaasvind

3.3. Alle merietes / D-merietes word in die dissiplinêre boek aangeteken.

3.4. Werkwyse – Oortredings

3.4.1. Wanneer ‘n leerling kwalifiseer vir detensie, ontvang hy / sy ‘n brief (4 skooldae voor detensieklas) met ‘n lys van al sy / haar oortredings. Die ouer vul die afskeurstrokie in en stuur terug skool toe.

3.4.2. Oortredings wat nie op die lys aangedui word nie, sal die Beheerliggaam en bestuur van die skool hanteer en ‘n billike en gepaste straf daarvoor toepas.

3.4.3. Instelling van dissiplinêre stappe wat tot skorsing kan lei

- Geen leerling van Laerskool Westwood sal geskors word tensy hy/sy skuldig bevind is nie.
- Slegs die prinsipaal mag dissiplinêre stappe instel as die prinsipaal dit ag in die beste belang van die skool en sy gemeenskap te wees om sodanige stappe in te stel.

3.4.4. Samestelling van die dissiplinêre komitee

- Onderworpe aan die regulasies moet die komitee, wat deur die beheerliggaam aangewys word uit 3 lede bestaan
- Hierdie 3 persone moet of lede van die beheerliggaam wees of persone wat kwalifiseer as lede van die beheerliggaam verkies te word
- Die voorsitter moet ‘n ouerlid van die beheerliggaam wees
- Die 2 oorblywende lede mag nie die prinsipaal of ‘n leerling wees nie
- Geen persoon mag op die komitee aangestel word indien hy of sy enige persoonlike belange het of persoonlike kennis dra van enige saak wat by die verhoor betwis word

3.4.5. Prosedure van verhoor voor die dissiplinêre komitee vir ernstige wangedrag

- ‘n Leerling wat van ernstige wangedrag aangekla word is geregtig op ‘n verhoor voor die komitee.
- Die leerling en sy ouers word skriftelik in kennis gestel van die verhoor.
- Die aanklag teen die betrokke leerling/e moet aan die ouers sowel as die leerling op skrif deurgegee word.

- Tydens die verhoor moet die leerling deur een van sy/haar ouers of voogde vergesel wees. Die prosedure vir die verhoor word verder verwoord in die regulasies soos deurgegee deur die Gauteng Departement van Onderwys se algemene kennisgewing 937 van 1998 asook algemene kennisgewing 6903 van 2000.

3.4.6. Skorsing / opskorting

- Slegs waar 'n kind skuldig bevind word tydens 'n dissiplinêre verhoor sal daar tot so 'n stap oorgegaan word

4. Indien 'n leerling 'n dissiplinêre verhoor moet kry sal ouers volledig ingelig word Aangaande die prosedure en regte van beide die skool sowel as die leerling.

**B. Aanprysing / Merietes**

**Inleiding**

Die meriete stelsel is gegrond op 'n positiewe ingesteldheid teenoor leerlinge en moet dus so toegepas word. Onderwysers se samewerking en konsenkwentheid hang grotendeels af van die sukses van die stelsel.

**Die stelsel**

Leerlinge ontvang 'n meriete vir die werk wat hulle lewer en goeie gedrag. Daar word rooi knopies, silwer knopies en goue knopies toegeken aan leerlinge. Merietes kan ook op nie-akademiese gebied verower word met dien verstande dat die akademiese merietes ten minste 50% uitmaak van die leerling se merietes.

**Rooi knopie**

Juniors – Gr. 1 – 3 = 25 merietes

Leerlinge wat bogenoemde merietes versamel, ontvang die toekenning in die klaskamer wat hy / sy mag dra.

**Silwer knopie**

Juniors – Gr. 1 – 3 = 50 merietes

Leerlinge wat bogenoemde aantal merietes kan versamel, ontvang die toekenning op 'n Maandagoggend in die saal wat hy / sy mag dra.

**Goue knopie**

Juniors – Gr. 1 – 3 = 75 merietes

Leerlinge wat bogenoemde aantal merietes kan versamel, ontvang die toekenning op 'n Maandagoggend in die saal wat hy /sy mag dra.

Merietesertifikaat (Goeie samewerking ). Laaste dag in saal uitgedeel of saam met rapport.

- Gr. 1 – 3 (100 of meer merietes)

**Metode**

1. Elke klas ontvang 'n meriete/ D-meriete boek met elke leerling se naam daarin
2. Die boek bevat die volgende :
    - 'n Naamlys van merietes
    - 'n Naamlys van D-merietes
    - 'n Naamlys vir oortredings en waarskuwings
3. Die boek moet te alle tye beskikbaar wees vir die DPO en die prinsipaal, sou ouers te woord gestaan word oor 'n kind se gedrag / vordering.